# APPENDIX C2

# SITE NOTICES AND NEWSPAPER ADVERTISEMENTS

# SITE NOTICES

# NOTICE OF ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT AND PUBLIC PARTICIPATION PROCESSES

# 30MW HARMONY ONE PLANT SOLAR PV FACILITY, WELKOM, FREE STATE PROVINCE

---

***Applicant:*** Free Gold Harmony (Pty) Ltd

***Activity:*** Development of the Harmony One Plant Solar PV Facility, grid connection and other associated infrastructure, with a contracted capacity of up to 30MW. The on-site infrastructure includes:

- PV modules and mounting structures
- Inverters and transformers a SCADA room, and maintenance room
- Cabling between the project components, to be laid underground where practical
- Access roads, internal roads and fencing around the development area.
- Temporary and permanent laydown areas and O&M buildings.
- Overhead Power Lines (OHPL)
- Grid connection solution including an on-site 44kV facility substation, 44kV switching station, to be connected to the Brand Gold (6.6/132kV) Substation via a 44kV overhead power line (located ~2km North of the site).

***Project Location:*** Located South West of the Witpan dam, South of the Harmony One Gold Plant operations, approximately ~14km north west of the town of Virginia within the Matjhabeng Local Municipality and within the Lejweleputswa District Municipality, Free State Province. The PV facility is located on the Remaining Extent of the Farm Marmageli 20 and Remainder Extent of the Farm Welkom 80, over 75ha in extent.

**Environmental Assessment Process:** Separate applications for Environmental Authorisation in terms of the National Environmental Management Act (No. 107 of 1998) and the Environmental Assessment Regulations, 2014, as amended, (GNR 326) are required to be submitted for the project. This application is being supported by a separate Scoping and Environmental Impact Assessment process. Savannah Environmental is undertaking the required environmental assessment and public participation process for the project. An application will be lodged with the Department of Small Business Development, Tourism and Environmental (DESTEA), as the competent authority.

***Public Participation Process:*** Savannah Environmental (Pty) Ltd has been appointed as the environmental consultant responsible for undertaking the Scoping Assessment and Public Participation process in support of the application for EA. To obtain further information on the project and to register on the project database, please submit your name, contact information and interest in the project, in writing, to:


**Nicolene Venter** at **Savannah Environmental**
P.O. Box 148, Sunninghill, 2157
Tel: 011 656 3237
Mobile: 060 978 8396 (including Please Call Me)
Fax: 086 684 0547
Email: publicprocess@savannahsa.com
Website: www.savannahsa.com


savannah environmental

**August 2022**

This notice is **not** for **job applications** but rather an opportunity to **register/comment** on the project.
Should you know of any **vulnerable person** that needs to be informed of and be part of this proposed project, please contact us.

**PROOF OF SITE NOTICES** (Date placed: 18 August 2022)






ADVERTISEMENTS

# NOTICE OF ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESMENT AND PUBLIC PARTICIPATION PROCESS

# HARMONY ONE PLANT SOLAR PV FACILITY, WELKOM, FREE STATE PROVINCE

***Applicant:*** Freegold Harmony (Pty) Ltd

***Activity:*** The development of a solar PV facility with a generating capacity of up to 30MW and associated infrastructure, including:

» PV modules and mounting structures.
» Inverters and transformers a SCADA room, and maintenance room.
» Cabling between the project components, to be laid underground where practical.
» Access roads, internal roads and fencing around the development area.
» Temporary and permanent laydown areas.
» Grid connection infrastructure including an on-site facility substation and a switching substation to be connected to the existing Brandgold Substation via an overhead power line (located ~2km north of the site).

***Project Location:*** The PV facility is located on the Remaining Extent of the Farm Marmageli 20 and Remaining Extent of the Farm Welkom 80. The site is owned by the Mine, and south of the Harmony One Gold Plant operations, ~14km north west of Virginia, Free State Province.

**Scoping & Environmental Impact Assessment (S&EIA) Processes:** In terms of Sections 24 & 24D of the National Environmental Management Act (No 107 of 1998), as read with Government Notice R324 – R327, as amended, a S&EIA process is required, and Savannah Environmental is undertaking the S&EIA and public participation process.

***EIA Report available for Review & Comment:*** The EIA Report is available for review and comment and can be download from the Savannah Environmental website (savannahsa.com/public-documents/energy-generation/harmony-one-solar-pv/). The 30-day review and comment period of the EIA Report is from **11 November 2022** to **12 December 2022.**

To obtain further information and register on the project database and submit comments or queries, please refer to the contact information:


**Nicolene Venter** at **Savannah Environmental**

P.O. Box 148, Sunninghill, 2157
Tel: 011 656 3237 / Fax: 086 684 0547
Mobile: 060 978 8396 (including Please Call Me)
Email: publicprocess@savannahsa.com
Website: www.savannahsa.com


savannah environmental

Jana van der Merwe

Die verhaal van die voormalige Telkom-tegnikus wat in die 1990's as die uitvinder van 'n elektriese "wonderpynverligtingstoestel" internasionaal sukses behaal het, het destyds die wêreld se verbeelding aangegryp.

Gervan Lubbe het as't ware tot op internasionale verhoë die een prys ná die ander ingepalm met sy "mediese deurbraak" van die Action Potential Simulation (APS)-terapie-apparaat. Hy is selfs met 'n eredoktorsgraad deur die Technikon Vrystaat (vandag die Sentrale Universiteit vir Tegnologie) in Bloemfontein as "pynpionier" vereer.

Van punk tot miljoenêr, het *Huisgenoot* destyds geskryf by die foto waar hy in 1997 skalks vir die kamera glimlag. Daarby saam was 'n foto van waar hy met sy punk-haarstyl en oorbel byna soos 'n rebelse jong George Michael lyk.

Maar die Lubbe wat vandag meer as twee dekades later op die ouderdom van 54 jaar voor ons sit, lyk byna onherkenbaar – brandarm, grys en maer ná agt jaar agter tralies.

Lubbe is in 2012 in die handelshof in Gqeberha (toe nog Port Elizabeth) op 19 aanklagte van bedrog tot effektief 20 jaar tronkstraf gevonnis.

Dit het gevolg nadat die mededirekteure van sy maatskappy, Gervans Trading, hom daarvan beskuldig het dat sy jongste uitvindsel, die sogenaamde "Malaria Monitor" – 'n slimhorlosie wat glo die dodelike malariaparasiet in die bloed kon bespeur nog voor enige simptome – 'n groot foefie was.

Lubbe is deur landdros Leon Claassen in die handelshof tot die "kaal keiser" verklaar en vandag staan Lubbe bekend as een van die mees fabelagtige swendelaars in die land se geskiedenis.

"Ek was skuldig omdat ek nie my intellektuele eiendom aan die hof wou voorlê nie. So ek is nie onskuldig nie. Ek is die rede dat 'n maatskappy gelikwideer is en R21 miljoen van beleggers se geld daarmee heen is. Ek het die prys betaal," vertel Lubbe, wat tot 2025 sy parool moet uitdien, in sy eerste eksklusiewe onderhoud sedert hy in 2006 aangekeer is.

Maar hy "het niemand om die bos gelei nie", hou hy vol waar ons sit en gesels op die stoep van 'n nederige tweeslaapkamermeenthuis waar hy by 'n familievriendin "en haar mammie" in Faerie Glen, Pretoria, woon.

"Ek is nie oneerlik nie, ek is nie 'n boereverneuker nie."

**Waar alles begin het**

"Ek het luuks gelewe, Porsches gery, vierverdiepinghuis, 24-uur-*bodyguards* . . ." vertel hy oor die tyd toe hy op die kruin van die golf was met sy APS-masjien.

Volgens Lubbe het hy met die land en wêreld se rykste en bekendstes verkeer. Hy is op foto's saam met Boris Becker, Ernie Els en Joost van der Westhuizen te sien.

"Selfs die koningin van Engeland het my masjien gebruik," beweer hy.

Lubbe is as baba aangeneem. Hy vertel Ben en Doreen Lubbe was "wonderlike, Christelike ouers".

Hy sê hy was hoofseun van die Hoër Tegniese Skool Elspark in Germiston, waar hy in 1986 gematrikuleer het.

Lubbe sê sy ouers, asook sy biologiese ma, wat hy ná skool opgespoor en met wie hy 'n goeie verhouding gehad het, is dood in die tyd wat hy agter tralies was.

Sy biologiese pa, glo 'n boer van Bethlehem in die Oos-Vrystaat, wou hom nog nooit ontmoet nie.

"Hy het nooit rede gehad om nié trots te wees op my nie, nie in daardie stadium nie," vertel hy.

Lubbe het ná skool as vakleerling by Telkom begin werk en homself bekwaam as tegnikus wat skakelborde geïnstalleer het.

In 1992 bedank hy en ontwerp en bou hy die APS-masjien. Hy het aan die idee gekom toe hy een dag by die dokter se spreekkamer deur 'n Amerikaanse mediese tydskrif blaai.



Gervan Lubbe by sy APS-terapie-apparaat, die uitvindsel waarvoor hy menigte pryse gewen het.

Gervan Lubbe, uitvinder van die "wonderpyntoestel" APS. Foto: MELINDA STUURMAN

> Tussen 'n klomp mense voel 'n ou maar so 'n bietjie ongemaklik. Jy moet weer jou selfvertroue terugkry en dit begin nou eers stadig weer terugkom.
> — Gervan Lubbe

# Gervan Lubbe nou brandarm



How this penniless young man became one of SA's wealthiest business-men

By MARIETA ROOS

There was a time when he had neither a bed nor a chair – and he cut his hair punk-style, like the gangsters. Then he designed an electronic painkiller ...

Gervan Lubbe's amazing road to riches

Punk with a painkilling plan

Gervan Lubbe soos hy destyds in *YOU*, *Huisgenoot* se sustertydskrif, verskyn het. Foto: VERSKAF

"Ek het 'n artikel gelees waarin wetenskaplikes beweer het as jy die liggaam se senuwee-impuls kan naboots, behoort jy uitstekende resultate te kry wat pynverligting betref. En omdat ek elektronika gestudeer het, het ek gedink maar ek kan dit namaak. Ek het dit eintlik uit onkunde reggekry."

Lubbe het R2 000 by sy pa geleen om die bal aan die rol te sit en die maatskappy Tech Pulse gestig saam met 'n afgetrede multimiljoenêr en sakeman, Koos van Zyl van Pretoria, wat in sy produk geglo het.

Volgens hom is daar uiteindelik honderdduisende van die "wondermasjiene" verkoop om talle pynverwante siektes te behandel.

'n Rits pryse het gevolg. Hy is onder meer as die Johannesburgse Junior Sakekamer se Sakepersoon van die Jaar in 1997 aangewys, hy was die wenner van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se goue Akademiemedalje vir Wetenskap en Kuns in 1997 en is vereer vir die beste mediese uitvinding ter wêreld op die International Inventions Show in Genève, Switserland, in 1998. Hy het sy eredoktorsgraad in 1999 ontvang.

Izak du Plessis, skrywer van die boek *Boereverneukers*, skryf die Vrystaatse Technikon sou hom wel later hiervan distansieer.

Lubbe ontken dit vandag, asook enige ander twyfelagtige bewerings wat teen die masjien en navorsing gekom het.

"Die doemprofete kan skryf wat hulle wil. Daar is niemand ter wêreld wat genoeg geld het om die effektiwiteit van APS te bevraagteken nie."

Die APS-toestel word vandag nog wêreldwyd deur 'n Nederlandse maatskappy verkoop.

Lubbe beweer hy het in 1999 op die ouderdom van 31 jaar vroeg afgetree met "meer as R100 miljoen" in die bank.

"Ek het gevoel ek het alles bereik wat ek wou," vertel hy oor hoekom hy sy maatskappy en die patent op sy uitvindsel verkoop het.

In 2001 het hy in Knysna die maatskappy African Flame Resources begin vir entrepreneurs om hul eie prototipes te ontwikkel en om werksgeleenthede te skep.

Lubbe erken African Flame het diep in die skuld en in die moeilikheid beland. Hy het toe besluit om homself in Botswana te vestig "om rus en vrede" te gaan soek.

Hy lag wanneer hy vertel van Dana Snyman, die oudjoernalis van *Huisgenoot*, en 'n kameraman wat kort op sy hakke tot in Botswana was om uit te vind hoekom hy alles net so gelos het. Mense het geskinder dat hy landuit gevlug het oor al die skuld.

Lubbe het uiteindelik teruggekeer na Suid-Afrika en saam met 'n paar vriende, wat mededirekteure geword het, die nuwe maatskappy Gervans Trading in Gqeberha gaan vestig. Hy wou, benewens om sy outobiografie te laat publiseer en 'n nuwe model van die APS te ontwikkel, ook die nuwe malaria-toestel ontwikkel.

"'n Neef van my wat vir 'n myn gewerk het, het gevra of ek nie so iets (vir malaria) kan ontwikkel nie. Toe begin ek beleggers kry."

Hy vertel hy het die prototipe "binne 'n maand" ontwikkel.

Meer as 400 mense het sowat R21 miljoen in die maatskappy belê.

Daar was volgens hom R600 miljoen se bestellings vir 'n masjien wat nog glad nie vervaardig was nie.

Hy beweer die "fout het ingekom" toe 'n media-instansie berig die Malaria Monitor kan malaria "vernietig".

"Ek het nooit daardie *claim* gemaak nie. Navorsing moes nog gedoen word om die toestel se effektiwiteit te bepaal."

Lubbe hou tot vandag vol die toestel kon die malariaparasiet in bloed opspoor, hoewel malariakenners met wie die wetenskapjoernalis Elsabé Brits destyds gepraat het, gesê het dit is onmoontlik.

Vandag beweer hy sy mededirekteure het op hul maatskappy se laaste raadsvergadering geëis hy moet 'n ooreenkoms teken om sy intellektuele eiendom (oftewel "intellectual property", waarna hy as "IP" verwys) oor te teken.

"Ek het geweier. Ek was bereid om tronk toe te gaan, selfs dood te gaan, maar my IP (wat die patent insluit) teken ek oor aan niks en niemand. Dit was die einde van Gervans Trading daardie selfde dag."

Hy is in 2006 deur sy mededirekteure gedagvaar om sy intellektuele eiendom aan die hof voor te lê.

Hy beweer hulle wou sy intellektuele eiendom vir dié malariatoestel "steel" om "oornag ryk te word".

Lubbe het egter nooit die verweer aan die hof voorgelê nie en het twee hofbevele geminag.

"Dit is toe dat hulle (sy mededirekteure) 'n klag van bedrog gaan indien dat my IP nie bestaan nie."

Lubbe ontken hy was die "kaal keiser" wat "buitengewone leuens" aan die hof vertel het, soos wat die landdros in sy uitspraak gesê het.

"As Christen moes ek die aandeelhouers se belange bo my eie gestel het. Dit sal my seker vir die res van my lewe ry, want toe moes die maatskappy gelikwideer word."

Lubbe het inderdaad alles verloor. Hy en sy vrou (en die ma van hul twee kinders) is uitmekaar voordat hy in 2012 tronk toe is. Tot vandag het hy geen verhouding met sy nou volwasse seun en jonger dogter, wat verlede jaar matriek geskryf het, nie.

**Agter tralies**

"Die *gangs* is orals. Die 26's en 28's is baie groot agter tralies. Die bendes het begin om te baklei vir regte in die tronk – warm water, televisie, ordentlike beddens om op te slaap, maar dit is baie anders vandag."

Vandag voer die bendes 'n skrikbewind.

"Die eerste jaar het ek net baklei vir oorlewing. En die laaste sewe jaar het ek net studeer," vertel hy oor sy studies in teologie.

Hy was vir die eerste agt maande in St. Albans in Gqeberha, waarvan ses maande in die maksimum-afdeling was.

"Ek dink nie daar is 'n gevaarliker tronk as St. Albans nie."

Hy was daarna vir 13 maande in die Leeukwop-gevangenis in Johannesburg en daarna twee en 'n half jaar in die Zonderwater-gevangenis buite Cullinan, waar die Boeremaglede, die Modimolle Monster, Johan Kotzé, asook die swaardmoordenaar, Morné Harmse, saam met hom agter tralies was.

Lubbe vertel hy het vroeë parool vir goeie gedrag gekry en is in Februarie 2020 vrygelaat.

"Toe ek daar uitkom, toe voel ek skielik oud. Ek is daar in op 44 en uit op 52. Alles het verander. Veral selfone!

"Ek is 'n arm man soos ek hier sit. Wie gaan met 'n kriminele rekord werk kry? Mense gee nie sommer weer vir jou 'n geleentheid nie."

Hy vertel hy is meestal op sy eie.

"Tussen 'n klomp mense voel 'n ou maar so 'n bietjie ongemaklik. Jy moet weer jou selfvertroue terugkry en dit begin nou eers stadig weer terugkom."

Lubbe vertel hy "verkoop 'n bietjie boeke en gaan staan by boekwinkels".

Nadat hy uit die gevangenis gekom het, het hy die boek *Born to Live Forever* geskryf waarin hy "wetenskaplik bewys God bestaan".

Op die voorblad is 'n horlosie en 'n prentjie: "Junior Chamber International: Most Outstanding Young Person of the World – Medical 1998."

Hy laat val: Dalk sal hy sy hand aan 'n nuwe apparaat slaan.

"Een wat geheuekaarte en selfoon-apps gebruik."

# GEKLASSIFISEERD

**BOEDELKENNISGEWINGS**

**BOEDELS: KREDITEURE EN DEBITEURE** 4201

**DEXTRA** Fiduciary Services

**KREDITEURE EN DEBITEURE - BOEDELKENNISGEWING**

In die Boedel van Wyle: **ROBERT GORDON SNOWGRASS** Identiteitsnr: 4906295011088 Adres: 223 SERENITAS AFTREE OORD BLOEMFONTEIN Datum van afsterwe: 11 JULIE 2022 Boedelnr: 007299/2022 Meesterskantoor: BLOEMFONTEIN Nagelate gade: ANTONETTE SNOWGRASS Identiteitsnr: 5111140044 082. Krediteure en Debiteure in bogemelde boedel word hiermee versoek om hul vorderinge in te lewer en hul skulde te betaal by die ondergetekende binne 'n tydperk van 30 dae vanaf: 11 NOVEMBER 2022 Naam en Adres van Eksekuteur: DS GREYLING POSBUS 5086 DORINGKRUIN KLERKSDORP SEL: 071 876 8826 FAKS: 086 504 7840 NOV 11(DA)4201

**BOEDELS: LIKWIDASIE EN DISTRIBUSIE** 4205

**ERASMUS STEYN INC**
**SMIT: JR**
**BOEDELKENNISGEWING**

KENNIS GESKIED HIERMEE dat EERSTE EN FINALE LIKWIDASIE EN DISTRIBUSIEREKENING IN TERME VAN ARTIKEL 35, van die Boedelwet,in bogenoemde vir 'n tydperk van 21 (EEN EN TWINTIG) dae gereken vanaf 11 NOVEMBER 2022 ter insae lê te die MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF BLOEMFONTEIN.
In die Boedel van Wyle:
JOHANNES RUST SMIT
Boedel nommer: 008687/2020
Van: SMIT Naam: JOHANNES RUST
Identiteitsnr: 4102085020089
Laaste adres: MOOIHOEK PLAAS EDENBURG VRYSTAAT 9908
Datum van Afsterwe: 08/11/2020
Meesterskantoor: BLOEMFONTEIN
EKSEKUTEUR: ERASMUS STEYN INC POSBUS 95030 WATERKLOOF 0145
TEL: 0870287366
EPOS: JAN@ESINC.CO.ZA
NOV 11(JE)4205

**NOTICE OF ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESMENT AND PUBLIC PARTICIPATION PROCESS**

**HARMONY ONE PLANT SOLAR PV FACILITY, WELKOM, FREE STATE PROVINCE**

***Applicant:*** Freegold Harmony (Pty) Ltd

***Activity:*** The development of a solar PV facility with a generating capacity of up to 30MW and associated infrastructure, including:
» PV modules and mounting structures.
» Inverters and transformers a SCADA room, and maintenance room.
» Cabling between the project components, to be laid underground where practical.
» Access roads, internal roads and fencing around the development area.
» Temporary and permanent laydown areas.
» Grid connection infrastructure including an on-site facility substation and a switching substation to be connected to the existing Brandgold Substation via an overhead power line (located ~2km north of the site).

***Project Location:*** The PV facility is located on the Remaining Extent of the Farm Marmageli 20 and Remaining Extent of the Farm Welkom 80. The site is owned by the Mine, and south of the Harmony One Gold Plant operations, ~14km north west of Virginia, Free State Province.

**Scoping & Environmental Impact Assessment (S&EIA) Processes:** In terms of Sections 24 & 24D of the National Environmental Management Act (No 107 of 1998), as read with Government Notice R324 – R327, as amended, a S&EIA process is required, and Savannah Environmental is undertaking the S&EIA and public participation process.

**EIA Report available for Review & Comment:** The EIA Report is available for review and comment and can be download from the Savannah Environmental website (savannahsa.com/public-documents/energy-generation/harmony-one-solar-pv/). The 30-day review and comment period of the EIA Report is from
**11 November 2022 to 12 December 2022.**

To obtain further information and register on the project database and submit comments or queries, please refer to the contact information:

**Nicolene Venter at Savannah Environmental**

P.O. Box 148, Sunninghill, 2157
Tel: 011 656 3237 / Fax: 086 684 0547
Mobile: 060 978 8396 (including Please Call Me)
Email: publicprocess@savannahsa.com
Website: www.savannahsa.com

savannah environmental

X1XGP19R-VB111122

**Volksblad**

**REGSKENNISGEWINGS**

| | |
|---|---|
| Monge Motale | – 011-713-9443 |
| Jessica Meintjies | – 011-713-9052 |
| Madelein Botha | – 011-713-9750 |
| Aurelia Beukes | – 011-713-9065 |
| Antoinette Schickerling | – 011-713-9446 |

**E-POS**
Legals@beeld.com
Legals1@beeld.com
**Spertyd:**
3 werksdae voor publikasie
**Kansellasies:**
1 dag voor publikasie om 9:00

**VOLKSBLAD GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES**
**Telefoon:** 087 353 1316
**Epos:** olx@beeld.com
**Spertyd:** 11:00 vir volgende dag verskyning

# De Lille wil heining op al SA se grense oprig

Christiaan du Plessis



**Patricia de Lille, minister van openbare werke.** Foto: PETER ABRAHAMS

Haar departement wil 'n splinternuwe heining al langs Suid-Afrika se geraamde 3 000 km lange grense met buurlande oprig, sê Patricia de Lille, minister van openbare ondernemings en infrastruktuur.

Sy was gister in 'n sitting van die verkose komitee oor petisies en uitvoerende ondernemings veronderstel om terugvoering oor die opgradering van die omstrede Beitbrug-grensheining van 40 km met Zimbabwe te gee.

Volgens De Lille het hulle egter besluit om op die hele grenslyn te fokus nadat "lesse geleer is" uit Beitbrug, "waar ons net op brandpunte gefokus het".

Die Beitbrug-heining, wat in 2020, kort ná die uitbreking van die Covid-19-pandemie, teen sowat R40 miljoen opgerig is, was glo van so 'n swak gehalte dat dit in 'n stadium op 122 plekke beskadig en plek-plek selfs weggedra is.

Die spesiale tribunaal het intussen die twee betrokke kontrakteurs gestroop van hul winste nadat die spesiale ondersoekeenheid (SOE) bevind het dat die toekenning van die tenders onreëlmatig was.

Tugstappe is teen 13 amptenare begin en daar was sprake van strafregtelike vervolging.

"Dit is waarom ons ná die beslissing deur die SOE en alles wat by Beitbrug skeefgeloop het, besluit het om nie net opknappingswerk in sekere gebiede van die grens te doen nie omdat 'n nuwe grenslyn die beste oplossing sal wees om die departement van verdediging – wat die grondwetlike plig het om ons grense te beskerm – te help," het De Lille aan LP's gesê.

Volgens haar is basiese werk reeds aan honderde kilometers op die grens begin. Hulle wil egter die werk om die heining oral aan die grens op te rig so gou as moontlik tot 'n strategiese infrastruktuurprojek laat klassifiseer. Daarvoor moet die departement van verdediging die spesifikasies goedkeur.

Volgens haar wag haar departement nou al maande lank dat dit gebeur.

Sy het die komitee gevra om in te gryp deur aan die departement van verdediging te skryf om die proses te versnel.

## NOTICE OF ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT AND PUBLIC PARTICIPATION PROCESSES

## HARMONY GOLD PHASE 2 RENEWABLE ENERGY FACILITIES PROJECTS, FREE STATE PROVINCE

***Proposed Activity:***
Harmony Gold Mining Company (Ltd) is looking to supplement its energy supply by implementing PV generation, aiding their transition to a more sustainable and environmentally friendly energy mix through the construction and operation of 3 solar PV facilities located on 3 different Harmony Gold Mine sites within the Free State Province. The project entails the development of three (3) separate solar PV facilities, each including grid connection and other associated infrastructure.

**Details Of Projects in the Free State Province:**

- Freegold Harmony (Pty) Ltd (a subsidiary of Harmony Gold Mining Company Ltd) aims to develop the Harmony One Plant Solar PV Facility which is located on the Remaining Extent of the Farm Marmageli 20 and Remaining Extent of the Farm Welkom 80, near Welkom, within the Matjhabeng Local Municipality and Lejweleputswa District Municipality. The PV facility will have a generation capacity of up to 30MW and will tie into the Brand Gold Substation via a 2km power line.

- Freegold Harmony (Pty) Ltd (a subsidiary of Harmony Gold Mining Company Ltd) aims to develop the Harmony Joel Solar PV Facility located on portion 0 of the Farm Leeuwbult 580, near Theunissen, within the Matjhabeng Local Municipality, and the Lejweleputswa District Municipality. The PV facility will have a generation capacity of up to 18MW and will Tie-in to Shafts 1 & 2 HJ Joel Mining Substation, via a 1.2km power line.

- Avgold (Pty) Ltd (a subsidiary of Harmony Gold Mining Company Ltd) aims to develop the Harmony Target Solar PV Facility, located on portion 0 of Farm Kromdraai 386, near Allanridge, within the Matjhabeng Local Municipality, and the Lejweleputswa District Municipality. The PV facility will have a generation capacity of up to 30MW and will Tie-in to the Avgold Substation via a 2km power line.

**The onsite infrastructure for all sites includes:**

- PV modules and mounting structures.
- Inverters and transformers a SCADA room, and maintenance room.
- Cabling between the project components, to be laid underground where practical.
- Access roads, internal roads and fencing around the development area.
- Temporary and permanent laydown areas and O&M buildings.
- Grid connection solution which will facility substation, switching station and an overhead power line.

Each renewable energy facility will be constructed as a separate stand-alone project and therefore a separate Scoping and Environmental Impact Assessment (S&EIA) process is being undertaken for each facility. The public participation process for the projects is being run concurrently.

**Environmental Impact Assessment Processes:** In terms of Sections 24 and 24D of the National Environmental Management Act (No 107 of 1998), as read with Government Notice R324 – R327, as amended, an EIA process is required for each renewable energy facility. Savannah Environmental is undertaking the required EIA, and public participation processes for these projects. A Background Information Document (BID) providing further information on the projects is available on the Savannah Environmental website at https://savannahsa.com/public-documents/energy-generation.

***Scoping Reports available for review & comment***: The Scoping Report for each project is available for download, review & comment from the Savannah Environmental website. The 30-day review & comment period for the Scoping Reports is from **24 August 2022** to **23 September 2022.** The final day for written comment to be submitted is **23 September 2022.**

To obtain further information and register on the project database and submit comments or queries, please refer to the contact information:

**Nicolene Venter** of **Savannah Environmental**
P.O. Box 148, Sunninghill, 2157
Tel: 011 656 3237 / Fax: 086 684 0547
Mobile: 060 978 8396 (including *pls call me*)
Email: publicprocess@savannahsa.com
Website: www.savannahsa.com

savannah environmental

# SLUITING IN SA:




Zwelinzima Vavi, hoofsekretaris van Saftu




# Dís waar vakbonde vandag marsjeer

**William Horne**

Vakverbonde en hul lede beplan om die land vandag met hul afwesigheid tot stilstand te bring, maar sommiges gaan ook die strate invaar.

Die vakverbond Saftu gaan saam met sy mededinger Cosatu in ses provinsies marsjeer en optogte reël.

Zwelinzima Vavi, hoofsekretaris van Saftu, het egter Maandag op 'n mediakonferensie in Johannesburg beklemtoon hul lede sal nie in massas byeenkom nie omdat die werklike doel van die dag is om die ekonomie te strem en die mag van die werkersklas te illustreer.

Die optogte is dus meer 'n bykomende seremoniële optrede tot die wegbly-aksie.

Ontwrigting kan egter steeds plaasvind nadat albei vakverbonde hul lede opgerui het oor die "kapitaliste" se "aanslag" op die werkersklas wat hulle "woedend behoort te maak".

Vavi se mees onheilspellende uitlating was egter dat die twee vakverbonde mik om die uitvoerende gesag van die regering deur hul massa-aksieplan te "ontroon".

Pres. Cyril Ramaphosa en sy kabinet is dus die teiken.

Dr. Theuns Eloff, onafhanklike kommentator, reken dié dreigement dra nie meer dieselfde gewig as wat dit in vorige jare sou gedra het nie.

Volgens hom is die drieparty-alliansie nie meer so belangrik as wat dit voorheen was nie.

"Cosatu self het nie meer die miljoene lede wat hy voorheen gehad het nie. Sy mag is 'n fraksie van wat dit was," het Eloff verduidelik.

In daardie opsig is dit vir hom duidelik wat eintlik aangaan.

"Cosatu en Saftu het gedoen wat mode is: Vir Cyril (Ramaphosa) te kap in 'n desperate poging om lede te werf en hul magsgreep te herstel."

Eloff reken dit is meer 'n noodkreet van die vakverbonde as 'n behoorlike poging om sy gelede onder die wapen te roep.

Tog sit wetstoepassingsagentskappe oorgehaal om ontwrigting hok te slaan.

Maar oor die poging om die uitvoerende gesag te ontroon is Eloff nie te bekommerd nie. "Dit gaan heel waarskynlik misluk."

**Waar gaan Saftu marsjeer?**

In Bloemfontein gaan Saftu vanaf die Batho Lokasie-saal in Mangaung tot by die kantoor van die premier in die O.R. Tambo-gebou stap.

Daar sal ook in vyf ander provinsies, naamlik Gauteng, die Wes-Kaap, Limpopo, Mpumalanga en die Oos-Kaap, optogte wees.

Saftu het beklemtoon dat net tot 1 000 lede per stad sal deelneem. Maar met die vakverbonde se beroep op selfs werkloses om deel te neem, kan dit dalk meer word.

Sanparke het reeds aangedui dat voortydige en opportunistiese optogte rondom die Krugerwildtuin begin kop uitsteek het en reisigers moontlik in gevaar kan stel.

"Daarom kan die situasie dalk eskaleer," het Sanparke op Facebook gesê.

Dit is veral die Numbi-hek, die Paul Kruger-hek en die Phabeni-hek wat geraak word.

Sanparke raai reisigers aan om baie versigtig te wees en ten minste vertragings te verwag.

# Weerkundiges afgedank ná 'misleidende' weervoorspelling

Twee van Hongarye se topweerkundiges is afgedank weens 'n onakkurate weervoorspelling wat 'n openbare herrie veroorsaak het.

Die BBC berig die weerdiens het Saterdag, slegs ure voor die reusevieringe vir St. Stephen's-dag, streng weerwaarskuwings uitgereik wat gelei het tot die regering se besluit om die vieringe die aand uit te stel.

Die weerstoestande op die nasionale vakansiedag het egter kalm en matig gebly, wat gevolglik daartoe gelei het dat die land se weerhoof, Kornelia Radics, en adjunkhoof, Gyula Horvath, in die pad gesteek is.

Meer as 40 000 vuurwerk is voorberei om Saterdagaand op 240 punte langs die Donau-rivier in Budapest afgevuur te word vir 'n skouspel wat deur meer as 2 miljoen mense aanskou sou word.

Volgens *The Guardian* het die weerdiens donderstorms en stormsterk winde voorspel, maar dié storms het die hoofstad gemis.

Die weerdiens het Sondag om verskoning gevra vir die voorspelling en dit toegeskryf aan die onvoorspelbaarheid wat deel is van die beroep.

AFP berig die opposisie het aangedring dat die byeenkomste rondom die vakansiedag gekanselleer word en dit as 'n "nuttelose mors van geld" bestempel. Hulle sê verder dit is onnodig om die uitgawes aan te gaan terwyl die land se ekonomie gebuk gaan onder die nagevolge van die oorlog tussen Rusland en Oekraïne.

Die weerkantoor is landwyd gekritiseer vir sy glips-voorspelling.

In 2006 het 'n storm tydens die vieringe tot die dood van vyf mense gelei en honderde is beseer.

Vanjaar se skouspel is tot later die week uitgestel.

# GEKLASSIFISEERD

**NOTICE OF ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT AND PUBLIC PARTICIPATION PROCESSES**

**HARMONY GOLD PHASE 2 RENEWABLE ENERGY FACILITIES PROJECTS, FREE STATE PROVINCE**

***Proposed Activity:***
Harmony Gold Mining Company (Ltd) is looking to supplement its energy supply by implementing PV generation, aiding their transition to a more sustainable and environmentally friendly energy mix through the construction and operation of 3 solar PV facilities located on 3 different Harmony Gold Mine sites within the Free State Province. The project entails the development of three (3) separate solar PV facilities, each including grid connection and other associated infrastructure.

**Details Of Projects in the Free State Province:**

» Freegold Harmony (Pty) Ltd (a subsidiary of Harmony Gold Mining Company Ltd) aims to develop the Harmony One Plant Solar PV Facility which is located on the Remaining Extent of the Farm Marmageli 20 and Remaining Extent of the Farm Welkom 80, Near Welkom, within the Matjhabeng Local Municipality and Lejweleputswa District Municipality. The PV facility will have a generation capacity of up to 30MW and will tie into the Brand Gold Substation via a 2km power line.

» Freegold Harmony (Pty) Ltd (a subsidiary of Harmony Gold Mining Company Ltd) aims to develop the Harmony Joel Solar PV Facility located on portion 0 of the Farm Leeuwbult 580, near Theunissen, within the Matjhabeng Local Municipality, and the Lejweleputswa District Municipality. The PV facility will have a generation capacity of up to 18MW and will Tie-in to Shafts 1 & 2 HJ Joel Mining Substation, via a 1.2km power line.

» Avgold (Pty) Ltd (a subsidiary of Harmony Gold Mining Company Ltd) aims to develop the Harmony Target Solar PV Facility, located on portion 0 of Farm Kromdraai 386, near Allanridge, within the Matjhabeng Local Municipality, and the Lejweleputswa District Municipality. The PV facility will have a generation capacity of up to 30MW and will Tie-in to the Avgold Substation via a 2km power line.

**The onsite infrastructure for all sites includes:**

» PV modules and mounting structures.
» Inverters and transformers a SCADA room, and maintenance room.
» Cabling between the project components, to be laid underground where practical.
» Access roads, internal roads and fencing around the development area.
» Temporary and permanent laydown areas and O&M buildings.
» Grid connection solution which will facility substation, switching station and an overhead power line.

Each renewable energy facility will be constructed as a separate stand-alone project and therefore a separate Scoping and Environmental Impact Assessment (S&EIA) process is being undertaken for each facility. The public participation process for the projects is being run concurrently.

**Environmental Impact Assessment Processes:** In terms of Sections 24 and 24D of the National Environmental Management Act (No 107 of 1998), as read with Government Notice R324 – R327, as amended, an EIA process is required for each renewable energy facility. Savannah Environmental is undertaking the required EIA, and public participation processes for these projects. A Background Information Document (BID) providing further information on the projects is available on the Savannah Environmental website at **https://savannahsa.com/public-documents/energy-generation**.

***Scoping Reports available for review & comment:*** The Scoping Report for each project is available for download, review & comment from the Savannah Environmental website. The 30-day review & comment period for the Scoping Reports is from **24 August 2022** to **23 September 2022**. The final day for written comment to be submitted is **23 September 2022**.

To obtain further information and register on the project database and submit comments or queries, please refer to the contact information:

*Nicolene Venter of Savannah Environmental*
*P.O. Box 148, Sunninghill, 2157*
*Tel: 011 656 3237 / Fax: 086 684 0547*
*Mobile: 060 978 8396 (including pls call me)*
*Email: publicprocess@savannahsa.com*
*Website: www.savannahsa.com*

savannah environmental

X1XD3845-VB240822

**Volksblad**

**REGSKENNISGEWINGS**

| | |
|---|---|
| Monge Motale | – 011-713-9443 |
| Jessica Meintjies | – 011-713-9052 |
| Madelein Botha | – 011-713-9750 |
| Aurelia Beukes | – 011-713-9065 |
| Antoinette Schickerling | – 011-713-9446 |

**E-POS**

Legals@beeld.com
Legals1@beeld.com
**Spertyd:**
3 werksdae voor publikasie
**Kansellasies:**
1 dag voor publikasie om 9:00

**VOLKSBLAD GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES**

**Telefoon:** 087 353 1316
**Epos:** olx@beeld.com
**Spertyd:** 11:00 vir volgende dag verskyning

000000-B1150820

## Breinknoop

1. Watter sanger, liedjieskrywer en pianis word "Piano Man" genoem?
2. Uit hoeveel grepe rekenaargeheue bestaan 'n gigagreep?
3. Ellen Church was in 1930 die eerste wat op 'n vlug?
4. In watter land is die Amerikaanse aktrise Amy Adams in 1974 gebore?
5. Hoe word die musiekgenre rhythm and blues afgekort?

**Antwoorde:**
1. Billy Joel; 2. 'n miljard; 3. lugwaardin; 4. Italië; 5. R & B.

## Vandag wat was

**Stephen Fry, Britse akteur, omroeper, komediant, regisseur en skrywer, is 65.**



**1 943 jaar gelede (79):** 'n Uitbarsting van die vulkaan Vesuvius verwoes die Romeinse stede Pompeji en Herculaneum.

**450 jaar gelede (1572):** Die Sint Bartolomeusnag-massamoord op Franse Hugenote vind plaas.

**16 jaar gelede (2006):** Die Internasionale Sterrekundevereniging besluit finaal dat Pluto nie aan die nuwe definisie van 'n planeet voldoen nie en as 'n dwergplaneet beskou moet word.

## Zitts




## Stoffel





## Hagar




## Groeipyne



## Crossword 194

**Across:**
1. Hankers after (7)
5. Masculine (5)
9. Group that supports a doctrine (4)
10. Intense observation (8)
11. Seductress (5)
12. Dream (7)
14. Singing groups (6)
16. Happy (6)
18. TV studio equipment (7)
20. Broadcast again (5)
22. Recover (8)
24. Actual (4)
25. Challenged (5)
26. Sport official (7)

**Down:**
2. Subservient (7)
3. Not exact (9)
4. Sunrise direction (4)
6. Function (3)
7. Respiratory organs (5)
8. Make (6)
13. Somewhat (2, 1, 6)
15. Placed at intervals (6)
17. To educate (7)
19. Stadium (5)
21. Gala (4)
23. Type of grain (3)

**Solution of 193**
**Across:** 7. senate; 8. adagio; 9. bare; 10. reserved; 11. tennis; 13. reef; 14. ire; 16. fats; 17. anthem; 19. tantalus; 21. sham; 22. sewing; 23. stages.
**Down:** 1. relaxed; 2. gaze; 3. neurosis; 4. taps; 5. hairiest; 6. tires; 12. naartjie; 13. reassess; 15. sedated; 18. safer; 20. legs; 21. stab.

# TV

**Woensdag 24 Augustus**



**Hou dop:** In die nuwe reeks *Kelderklas* word die Suid-Afrikaanse wynbedryf verken. Die aanbieder daarvan, JP Quickelberge, gaan na top-wynplase, betree geheime kelders en proe kos wat deur wyn geïnspireer is. **(Via, 19:30)**

## SABC2

**09:00 Kontreikos-kokke**
**09:30 Pasella**
**10:00 Vital Signs**
**11:00 7de Laan**
**11:30 Muvhango**
**12:00 Uzalo (H)**
**12:30 Generations: The Legacy (H)**
**13:00 Skeem Saam (H)**
**13:30 The Estate (H)**
**14:00 Murder She Wrote**
**15:00 Veggietales in the House**
**15:30 Takalani Sesame**
**16:00 Siyaya – Come Wild with US**
**16:30 Hectic Nine-9**
**17:00 Dragon Ball Super**
**17:30 Nuus**
**18:00 7de Laan**
**18:30 Nuus (Afrikaans)**
**19:00 Fokus**
**19:30 DEKATv**
**20:00 Nuus**
**20:30 Ngula Ya Vutivi / Zwa Maramani**
**20:57 Lotto-trekking**
**21:00 Muvhango**
**21:30 uBettina Wethu**
**22:00 Stories Untold**

*****Alle inligting oor uitsaaitye, programtitels en -inhoud was teen druktyd korrek. Die inligting word van die skakelafdelings en publisiteitspanne verkry en word in goeie trou gepubliseer.
****A** almal; **G** geweld; **H** herhaling; **OL** ouerleiding; **S** seks; **T** sterk taal en **N** naaktheid.
*****TV-skedulenavrae:**
e.tv: 083 1222; SABC: 011 714 9797; M-Net: 011 289 2222.

## SABC3

**06:00 Expresso**
**09:00 The View XXV (H)**
**10:00 Meerkat Manor: The Next Generation**
**10:30 7de Laan**
**11:00 The Estate (H)**
**11:30 Generations – The Legacy**
**12:00 The Lost World**
**13:00 On Point**
**14:00 Unpacked with Relebogile Mabotja III (H)**
**14:30 Special Assignment**
**15:00 The View XXV**
**16:00 Hectic on 3**
**16:30 Techno Squad**
**17:00 72 Cutest Animals**
**17:30 Unpacked with Relebogile Mabotja III (H)**
**18:00 VS Gaming**
**18:30 Taste the Diversity**
**19:00 The Estate**
**19:30 Speechless**
**20:00 Nuus**
**20:30 Michelle Obama: Hope Becomes Change**
**21:00 I Am MLK**
**22:00 Wonder of Marsupials**
**23:00 Top Docs**
**00:00 Better Things**
**00:30 Sport Wrap**
**01:00 The Lost World**
**02:00 Nuus van Deutsche Welle**

## e.tv

**05:30 The Morning News**
**06:00 The Morning Show**
**08:30 As die skoen pas (13)**
**09:30 Elif (13)**
**10:30 Dokter Ali (13)**
**11:30 House of Zwide (H)**
**12:00 Scandal! (OL13) (H)**
**12:30 Imbewu: The Seed (13) (H)**
**13:00 Durban Gen (H)**
**13:30 SA Inc**
**14:00 Judge for Yourself**
**14:30 Cool Catz New Masters**
**14:55 The Jungle Bunch**
**15:20 Spirit Riding Free**
**15:55 Power Rangers: Ninja Steel**
**16:10 Paternity Court**
**16:35 Judge Judy**
**17:00 Isono the Sin**
**17:30 Doodsondes**
**18:30 Durban Gen**
**19:00 House of Zwide**
**19:30 Scandal! (OL13)**
**20:00 eNews**
**20:25 Isono the Sin (13)**
**21:00 Imbewu: The Seed (13)**
**21:30 The Black Door**
**22:00 Checkpoint**
**22:30 Forensic Files**
**23:00 Vierspel vuurspel**
**00:00 Transformers: The Last Knight (13GT) ★★★**
Aksie, wetenskapsfiksie. Met Mark Wahlberg, Anthony Hopkins en Josh Duhamel. (2017
**02:45 Drive Angry (16SNGT) ★★★**
Riller. Met Nicolas Cage, Amber Heard en William Fichtner. (2011)

## M-Net

**Satelliet (DStv)**
**07:30 United States of Al II (13) (H)**
**08:00 Carte Blanche (13) (H)**
**09:00 Survivor South Africa: Return of the Outcasts IX (13) (H)**
**10:00 Legacy (13) (H)**
**10:30 New Amsterdam IV (13) (H)**
**11:30 Good Sam (16) (H)**
**12:30 The Kelly Clarkson Show II (13) (H)**
**13:30 Chicago Fire X (13) (H)**
**14:30 Chicago Med VII (13) (H)**
**15:30 United States of Al II (13) (H)**
**16:00 The Kelly Clarkson Show (OL) (H)**
**17:00 Survivor South Africa: Return of the Outcasts IX (13)**
**19:00 Legacy (13)**
**19:30 9-1-1 V (13)**
**20:30 9-1-1: Lone Star III (16)**
**21:30 Walker II (13)**
**22:30 The Bay III (16) (H)**
**23:30 This Is Going to Hurt (16) (H)**
**00:30 Chicago P.D. IX (16) (H)**
**01:25 Chicago Med VII (16) (H)**


**Analoog**
17:00 Binnelanders, 17:30 Suidooster, 18:00 Satelliet-skedule.

## kykNET

**05:50 Die Boodskap: Vir jou lewensreis**
**06:00 Die groot ontbyt**
**08:00 Die Boodskap: Vir jou lewensreis**
**08:15 Hopla**
**08:30 Binnelanders (H)**
**09:00 Getroud met rugby (H)**
**09:30 Slank 7 (H)**
**10:00 Leef jou reis 11 (H)**
**10:30 Spreekkamer 2 (H)**
**11:00 Kom ons praat daaroor (H)**
**12:00 Kyk wie praat 2 (H)**
**13:00 Prontuit 9 (H)**
**13:30 Vat jou goed en trek 8 (H)**
**14:00 Wie's nuus? (H)**
**14:30 Winslyn**
**15:00 Plaasjapie (H)**
**16:00 Oppiestoep 6 (H)**
**16:30 Hannes aan huis 6 (H)**
**17:00 Die laaste Tyd met Aleit (H)**
**17:30 Met 'n huppel in die stap 12 (H)**
**18:00 Getroud met rugby**
**18:30 Suidooster**
**19:00 Nuus**
**19:30 Binnelanders**
**20:00 Kyk wie praat 2**
**21:00 Oppiestoep 6**
**21:30 Dankie, Lottoland 5 (H)**
**22:00 Jan Braai vir erfenis 12 (H)**
**22:30 Getroud met rugby (H)**
**23:00 Suidooster (H)**
**23:30 Binnelanders (H)**
**00:00 Vat jou goed en trek 8 (H)**

## Via

**05:30 Landbouweekliks (H)**
**06:30 Laat die potte prut: Kampioene (H)**
**07:30 Die staat teen (H)**
**08:00 Kookpunt (H)**
**09:00 Kom ons braai: Familie en vriende (H)**
**10:00 Outopsie (H)**
**10:30 Agter tralies (H)**
**11:00 Doodgewone Jo (H)**
**11:30 Gesondheid, prontuit (H)**
**12:00 Huisgenoot blokraaibestes (H)**
**12:30 Eendag (H)**
**13:30 Kelderklas (H)**
**14:00 Kom ons braai: VIP (H)**
**15:00 Outopsie (H)**
**15:30 Doodgewone Jo (H)**
**16:00 Kom ons braai (H)**
**17:00 Geldhelde**
**17:30 Doodgewone Jo**
**18:00 Gesondheid, prontuit**
**18:30 Eendag (H)**
**19:30 Kelderklas (H)**
**20:00 Kom ons braai: VIP**
**21:00 Uit die slaapkamer**
**21:30 Doodgewone Jo (H)**
**22:00 Gesondheid, prontuit (H)**
**22:30 Speeltoneel (H)**
**23:00 Geldhelde (H)**
**23:30 Doodgewone Jo (H)**



## Blokraai 161

**Dwars:**
1. Gesoute appelkooslekkergoed (5)
4. Uit oefening uit (7)
8. Idealistiese (8)
9. Viering (4)
11. Krui vir garnering gebruik (12)
14. Sestiende van 'n pond (3)
16. Swoeg en… (5)
17. Skenk (3)
18. Strooi dit oor pannekoek (12)
21. Nie hoog nie (4)
22. Alledaags (8)
25. Botsend (7)
26. Larwe van 'n skoenlapper (5)

**Af:**
1. Sok (8)
2. Asuur en saffier, bv. (5)
3. Soos stroop (10)
4. Sonder kos bly (3)
5. Onafgewerk (2)
6. Vakature (7)
7. Nie juis goed óf sleg nie (2-2)
10. Herstel (meubels) (10)
12. Gloei sonder vlam (5)
13. Gemiddelde (8)
15. Arterie (7)
19. Rigting (5)
20. En (4)
23. Suurstof (3)
24. Kompakskyf (afk.) (2)

**Oplossing van 160**
**Dwars:** 1. boemel; 5. danksy; 8. versoete; 9. tier; 10. bate; 11. skamerig; 12. spreekkamer; 15. pistasie; 18. toks; 20. sake; 21. agterweë; 22. klieke; 23. roebel.
**Af:** 2. opera; 3. maskeer; 4. liefste; 5. doepa; 6. nette; 7. seewier; 12. spiraal; 13. kleuter; 14. materie; 16. toelê, 17. skare; 19. koeke.